KAMMANUUS

Nommer 332 2 Julie 2012

'n Publikasie van Onsdorp.com

TOULEIER

Kammanuus steek hand in die sak – jy kan ook!

Ons is terug tussen die snoesige 43 grade Doha-duine nadat ons lekker natgereën het en koud gekry het daar in Duskantland. Moet sê dit was baie lekker om weer in die kaap te kon kuier in die winter. Om op warm komberse te slaap en Old Brown Sherry te teug by die gasvuurtjie daar op Richmond. Dankie ma, vir daai heerlike skaapafvaltjie

Soos julle weet, is **Kammanuus** hoofsaaklik daar om die lekker van Afrikaanse humor oor te dra aan ons mense wêreldwyd en staan ons by ons saak dat daar genoeg negatiewe beriggewing in die media is. Ons het egter ook 'n ander sy. Onsdorp wil positief help om die nood te verlig waarin so baie van ons mede Afrikaanssprekendes hulself vind, veral waar dit kom by ons kindertjies en ou mensies wat nie vir hulself kan sorg nie.

Die week wil ek dus graag weer terugvoer gee oor **Yade en Kammanuus** se betrokkenheid daar in Bloemfontein.

Dankie vir die lesers wat steeds gereeld en getrou hul donasies instuur. Hier is 'n skakel waar jy kan kyk na 'n onlangse bankstaat van julle inbetalings: https://dl.dropbox.com/u/50438474/Gemeenskaplike%20Bereplek/Yade%20skenkings%20bankstaat%2025%20junie%202012.pdf

Julle sal daar kan sien ons betaal tans R1,200 per maand oor vir die aankoop van volwasse doeke. Dis maar 'n druppel aan die emmer, maar gee darem menswaardigheid aan 'n paar van ons mensies. In Yade se nuusbrief vertel hulle juis dat hulle nou al R15,000 per maand spandeer aan sulke doeke.

Hier is 'n skakel na Yade se nuusbrief waar jy self kan gaan lees oor die lief en leed van die inwoners van die Yade-huise en die goeie werk wat daar gedoen word: https://dl.dropbox.com/u/50438474/Gemeenskaplike%20Bereplek/YADE%20NUUSBRIEF%20JUNIE%202012.pdf

Kombersveldtog kan welsyn én jouself help!

Op pad Karoo toe hoor ek toe op Radio Oranje van die kombersveldtog waarmee die mense van die Vrystaat daardie naweek oor duisend komberse geskenk het. Dit maak mens bly om te hoor daar word darem steeds op so baie fronte omgegee, ondanks al die korrupsie en geweld wat daar heers.

Ekself het intussen ook aangesluit by 'n organisasie met die naam GOOD CARD. Ek is gewerf deur 'n Vrystaatse boer, een van ons lesers. Dankie, Alwyn! GOODCARD word ook aanbeveel deur mense soos Victor Matfield, Hellen Zille, Ryk Neethling en vele ander bekendes.

Dis 'n baie eenvoudige en maklike manier vir mense om gereeld te skenk aan die top 10 liefdadigheidsorganisasies in die land. So werk dit: Jy sluit aan en skenk R150 per maand. Jy kry nog vyf mense om ook so te maak en jy kry R150 per maand terug in jou sak. Sodra jy meer mense kry om te skenk, kry jy selfs 'n winsie daaruit.

Op dié manier wen jy én liefdadigheid.

As jy in Duskantland woon of daar 'n bankrekening het en ook wil aansluit, stuur net 'n SMS met my SA selnommer as teks – **0825695314** - aan **34131.** Hulle sal jou dan kontak.

My aansoek word nog verwerk, maar probeer gerus die SMS en laat weet my of jy regkom. Skryf vir my by pos@onsdorp.com met die onderwerp *GoodCard as* jy meer wil weet oor hierdie blink idee van donasies gee en dan ook sommer ietsie terug te kry in die proses, behalwe net die genoegdoening om ander in nood te help.

Groete uit Sandkantland!

Hennie Greeff

Doha, Katar

UITGEWER VAN KAMMANUUS

Om die kampvuur

OUTYDSE "MEDISYNE"

Kokaïen-druppels was in 1885 'n baie gewilde middel vir kinders wat tandpyn gehad het.

Dit het nie net die pyn verlig nie, maar ook die kinders baie gelukkig gemaak!

As iemand jou sonder rede haat: GEE HOM 'N REDE!

Vrae en antwoorde oor ouer mense

V: Hoeveel dae is daar in die week?
A: Ses Saterdae en een Sondag.

V: Hoe laat gaan 'n bejaarde bed toe?
A: Twee ure nadat hy op die bank aan die slaap geraak het.

V: Hoeveel bejaardes is nodig om 'n gloeilampie te vervang?
A: Net een, maar dit kan dalk heeldag neem.

V: Wat is bejaardes se grootste klagte?
A: Dat die dag te min ure het om alles gedoen te kry.

V: Wat doen 'n pensioenaris gedurende die week?
A: Maandae tot Vrydae so min as moontlik. Saterdae en Sondae rus hy.

Indiese gesegdes

Om ons te sien dans is om te hoor hoe ons harte praat.

Vir die vriendskap tussen twee mense is die geduld van een noodsaaklik.

Die lewe is nie vol aangename keuses nie, maar onvermydelike probleme wat krag, vasberadenheid en harde werk verg.

Die middelmatiges dink middelmatigheid is dieselfde as grootsheid.

Waar liefde heers kan die onmoontlike bereik word.

'n Slegte humeur rig meer skade aan as die swaard.

Uit die oude doos

Iemand vra my nou die dag "Wat was jou gunsteling kitskos toe julle kinders was?"

"Ons het nie kitskos gehad in ons dae nie. Behalwe vir vis- en skyfiewinkels wat ons volgens vandag se standaar-de baie onhigiënies was aangesien dit in koerantpapier toegedraai was, was al ons ander kos stadig gekook."

"Kan nie wees nie! Waar het julle gaan uiteet?"

"Die 'in-plek' waar ons 'uitgeëet' het was by die huis" verduidelik ek.

"Mamma het elke dag gekook en as Pappa van die werk af tuisgekom het, het ons aangesit aan die eetkamer-tafel en saamgeëet. As ek nie daarvan gehou het nie, moes ek maar bly sit tot ek daarvan hou."

Teen dié tyd het die outjie so hard gelag dat ek begin bekommerd raak het dat hy 'n aar gaan bars, dus het ek maar die 'toestemming-om-die-tafel-te-verlaat' inligting weens veiligheidsredes weerhou.

Mans in wynterme

15-30 jr : Kanonkop
31-50 jr : Meerlust
51-60 jr : Rust en Vrede
61 jr + : Allesverloren

Uit die wakis

Feite, Flaters, Fiksie en Fabels

Skillies is moeg vir mekaar



FEIT

NÁ meer as honderd jaar saam is Bibi en Poldi, die oudste skilpadpaar in aanhouding, klaar met mekaar.

Dié twee skilpaaie, wat albei 115 jaar oud is, weier om langer 'n hok by die Klagenfurt-dieretuin in Oostenryk te deel, berig die *Austrian Times.*

Werknemers van dié dieretuin het al alles probeer om die twee yslike skilpaaie (hulle kan tot 150 jaar oud word) te versoen. Interaktiewe speletjies, berading en selfs "romantiese" kos kon egter tot dusver nie dié "huwelik" red nie.

Dit blyk dat Bibi die een is wat die "verhouding" tot 'n einde wou bring, word berig. Personeel het besef daar is 'n slang in die gras toe Bibi vir Poldi aangeval het. Nie net het sy 'n stuk van sy dop afgebyt nie, maar sy het hom telkens te lyf gegaan. Dit is ook sy wat aangedui het dat sy alleen wil wees en die hok vir haarself wil hê.

Hoewel dié skilpaaie, wat sowat 100kg weeg, nie tande het nie, kan hulle mekaar ernstig beseer met hul sterk kake en horingrand-monde.

Die bestuurder van die dieretuin, Helga Happ, het gesê die skilpaaie het saam grootgeword. "Hulle het later 'n paar geword. Maar om die een of ander rede het die twee 'n uitval gehad en nou kan hulle mekaar nie verdra nie," het sy gesê.

Dit is onbekend watter tipe spesie hulle is, maar reuseskilpaaie kan tot 150 jaar lank leef.

Dié manier van piepie 'sal nie werk nie'

FEIT

SWEDE se politici wil nuwe wette inbring om mans te verbied om te piepie terwyl hulle staan.

Die plaaslike Left Party op Sörmland se plaaslike raad wil hê mans moet sit wanneer hulle die raad se toilette gebruik.

Dié sosialistiese en feministiese party meen dat dit meer higiënies vir mans is om te sit en piepie.

Volgens hulle verminder dit die kanse van poeletjies en dis effektiewer om mans se blase leeg te maak.

Minstens een deskundige, John Gamel, stem egter nie saam nie.

"Mans mors nie wanneer hulle piepie nie, dit gebeur met die afskud. Om mans te dwing om te sit terwyl hulle piepie, sal dus nie werk nie.

"G'n man sal sit terwyl hy homself afskud nie," meen die professor van die Louisville-universiteit.

Voordelige dertien

FABEL

'n Predikant van Clanwilliam se vrou vertel ons een aand hoe hulle in die droë Karoo op 'n afgeleë plaas oorgeslaap het, met die tante wat oor en oor verduidelik hoe alles werk: waar die ekstra komberse is, hoe die vensters toemaak, hoe laat ontbyt is, ensovoorts, ensovoorts.

Uiteindelik is hulle in die kamer met hulle lamp en sug verlig, want nou is hulle van haar ontslae. Net toe gaan die deur oop (julle weet mos hoe het hulle sonder slegte bedoelings daai deur net oopgemaak). Sy gee toe 'n yslike koos aan en se plegtig:

"Dominees, Mevrou, gebruik hom maar deur die nag. Hy vat dertien pisse."

Stuur julle Feite, Fabels, Fiksie en Flaters aan pos@onsdorp.com

Giggels

As jy 'n giggel wil deel, stuur dit aan pos@onsdorp.com

"Ja, meneer. Mnr.Van der Merwe is juis nou besig om sy antwoord aan u te faks."

TE VERSTANE

'n Man hardloop kaal in die bos. Twee olifante sien hom. Een sê: "Kyk hoe maer is hy!"

Die ander een sê: "G'n wonder nie, kyk waar-mee moet hy eet!'

PORTUGESE

Mike en Kallie is besig met 'n braai by Kallie se huis en gesels met 'n dop in die hand.
Mike vra vir Kallie: "Is Portugal ver?"

Kallie se nee, hy glo nie, want daar was Portugese kinders saam met hom op skool en hulle het almal met fietse gery!

MOTORONGELUK

Koos maak 'n ongeluk. Hy sê vir die polisieman: "Ek vermoed die bestuurder van die ander kar is dronk."
Polisieman: "Ai meneer, die ander kar is dan 'n koei!"

MISVERSTAND

Gatiep: "Gammat, wasse honne het djy?"
Gammat: "Haskies."
Gatiep: "Ek vra wasse honne het djy man!"
Gammat: "Haskies!"
Gatiep: "Ag voetsek, djou dowe drol!

EENDERSE LOT

Kallie sê vir klein Koos hy het vir hom werk by die slaghuis gekry en hy moet hard werk, want werk is skaars.

So 'n paar weke daarna kom Kosie sommer vroeg by die huis aan en sy pa vra hom wat hy hier maak, hy moet mos by die werk wees?

Kosie: "Hulle het my afgedank."

Pa: "Kosie, ek het vir jou gesê werk is skaars en jy moet die werk oppas. Wat het gebeur?

Kosie: "Ek het my gereedskap in die biltongkerwer gekry."

Pa: "Wat? En jy loop nog hier rond? Wat het met die biltongkerwer gebeur?"

Kosie: "Hulle het haar ook afgedank."

(Dankie aan Eddie Kirton)

KLEIN WÊRELDJIE

Karel en Tiaan het gaan golf speel. Voor hulle is twee vrouens wat stadig speel en hulle by elke putjie vertraag.

Karel sê toe vir Tiaan: "Stap soontoe en sê hulle moet vinniger of speel of ons laat verbygaan."

Hy hou Tiaan dop. Hy sien hy kom so halfpad, steek vas en draai om, en kom sê hy kan nie, die een is sy vrou en die ander een is sy skelmpie.

Nou is dit Karel se taak om die vroue aan te spreek. Hy kom net halfpad voordat hy ook omdraai.

Karel: "Ek kan dit ook nie doen nie. Ons leef darem in 'n klein ou wêreldjie!"

(Nog een van Eddie Kirton)

"En hoekom wil jy emigreer?"
"Wel 20 jaar gelede was gemengde huwelike onwettig, nou is dit wettig. Ek waai liewer voordat dit verpligtend word."

BC deur Johnny Hart





MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

In die weermag leer jy om te steel

Deur JOHAN KRITZINGER

BEHALWE vir die dril en skiet, leer 'n mens geweldig baie in die weermag. ’n Ander belangrike ding wat ek geleer het om te doen, is om te steel. As jy nie in die weermag steel nie, kan jy eenvoudig net nie oorleef nie.

Soos dit maar oral oor in die lewe gaan, is daar mos losgatte wat nie hul goed kan oppas nie. Dus, as hul goed wegraak loer hulle rond en dan vat hulle jou goed. As jy sien iets van jou uitrusting is weg, loop jy rond tot jy dieselfde uitrusting sien rondlê. Sela, jou probleem is opgelos.

Voordat iemand jou sien, gryp jy die kit wat so rondlê. Mens moes ten alle tye rekenskap kan gee van al jou uitrusting. As daar iets wegraak, moet jy stoor toe gaan en daardie artikel koop. Spaar geld en steel liewer, was ons leuse.

Ons moes naderhand ons klere, wanneer ons dit gewas het, met ketting en slot aan die wasgoeddraad vasketting. Maar daarvoor was daar ook ’n oplossing. As jy twee bajonette oorkruis tussen die slot se oor gesit het, en die bajonette van mekaar getrek het, het die slot uitmekaar gespat. Niks was veilig in die weermag nie.

Jy steel nie bietjie nie – jy steel sommer alles!

’n Ander belangrike les wat ons in steel geleer het, was om nie net een van ’n ding te steel nie. As ons in die kombuis moes gaan help, het ons monde gewoonlik gewater vir die blikkies vrugte of kondensmelk. Eendag was iemand baie lus vir kondensmelk en steel toe ’n blikkie uit ’n boks. Die kokke het dit onmiddellik agtergekom. Die hele groep was natuurlik in die moeilikheid.

Steel dus die hele boks kondensmelk. En as jy klaar is gooi, jy die leë boks sowel as die blikkies by ’n ander barak se asblik. Dit was ’n briljante les wat ons geleer het. Meer as een maal het ander barak die spit vir ons feesmaal afgebyt.

Nog ’n les wat ek nie mooi kon verstaan nie, was die les van as een roof aanjaag, dan kom almal in die moeilikheid. Daardie klomp luigatte het ons vinnig op ons eie manier uitgesorteer.

So ’n klomp jong manne saam en die weermag se kos akkordeer nie altyd met die troepe se verteringstelsels nie. As hulle gaan sit om te skyt, skyt hulle binne en sommer bo-oor die toilette. Dus, wat het ons aan die luigatte gedoen ? Ons laat hulle die toilette met hul tandeborsels skoonmaak. Nadat ons die tweede luigat uitgesorteer het, was die probleem permanent opgelos.

Behalwe vir die luigatte was daar natuurlik ook die vuilgatte. Hulle het ons net so in die storte met hul klere aan ingesit en die kraan oopgemaak. En dan het die groot skrop begin. Ná ’n halfuur het daardie man geblink van skoonheid, en daarna gereeld gaan stort.

As ek so aan daardie dae dink, dan kan ek nie help om terug te verlang nie. Dit is so 'n snaakse liefde-haat-verhouding wat 'n mens met die weermag gehad het.

KOOS RAAK BEKEER

Koos braai elke Vrydagaand 'n groot stuk steak - tot die ontsteltenis van sy Katolieke bure wat onder die versoeking moet ly.

Hulle praat toe 'n priester om om Koos van geloof te laat verander. Hy woon die mis by, die priester sprinkel heilige water oor hom en sê: "You were born a Protestant, raised a Protestant but now you are a Catholic."

Almal was gelukkig -- totdat dit weer Vrydag word en die geur van 'n biefstuk die lug vul.

Die priester storm toe by Koos se werf in, net betyds om te sien hoe hy 'n klein botteltjie water oor die vleis sprinkel. Koos gewaar die priester, en sê:

"You was born a cow, you was raised as a cow, but now you is a snoek!"

Dagboek van 'n HOND

08:00 - Hondekos! My gunsteling!
09:00 - 'n Rit in die motor! My gunsteling!
09:30 - 'n Uitstappie in die park! My gunsteling!
09:40 - Ek hurk in die park en los my eerste bol! My gunsteling!
10:30 - Ek word geborsel! My gunsteling!
12:00 - Middagete! My gunsteling!
13:00 - Ek speel op die werf! My gunsteling!
14:00 - Ek geniet my tweede opelyf, hierdie keer op die stoep. My gunsteling!
15:00 - Ek waai my stert! My gunsteling!
17:00 - 'n Vleisbeen! My gunsteling!
19:00 - Ek speel met 'n bal! My gunsteling!
20:00 - Sjoe! Ek kyk TV saam met die mense! My gunsteling!
23:00 - Ek blaf tien minute lank vir die lekker en gaan slaap! My gunsteling!



Dagboek van 'n KAT

Dag 983 van my gevangenskap. My gevangenemers treiter my met allerlei bisarre, swaaiende voorwerpies.

Hulle lê weg aan vars vleis, terwyl ek en die ander bandiete een of ander soort droë korrels kry. Ek toon my misnoeë, maar ek eet nietemin want ek moet sterk bly.

Al wat my aan die gang hou, is my droom om te ontsnap. Net om hulle te ontstel, gooi ek weer op die mat op.

Vandag het ek 'n muis onthoof en sy koplose lyf by hulle voete laat val. Ek het gehoop dit vervul hulle met vrees oor waartoe ek in staat is, maar hulle het net neerbuigende geluide gemaak oor wat 'n goeie jagter ek is.

Bliksems!

Daar was vanaand 'n soort saamtrek van hul medepligtiges, en ek is in eensame opsluiting geplaas vir die duur daarvan. Ek kon nietemin geluide hoor en kos ruik. Ek het gehoor die rede vir my opsluiting is "allergieë". Ek moet uitvind wat dit is, en dit tot my voordeel aanwend.

Ek was vandag amper suksesvol om een van my tormenteerders te vermoor deur om sy voete te vleg terwyl hy loop. Ek moet dit môre weer probeer, maar hierdie keer aan die bopunt van die trappe.

Ek is oortuig dat die ander gevangenes voorgetrek word. Die hond kry spesiale voordele. Hy word gereeld losgelaat, en is meer as gewillig om hom weer aan te meld. Hy is beslis onnosel en vertraag.

Ek dink die papegaai is 'n informant, want ek sien hy gesels gereeld met die wagte.

Ek is seker hy verklap elke beweging wat ek maak. My gevangenemers het stappe vir sy beskerming geneem. Hy hang in 'n opgehyste sel, so hy is veilig.

Vir eers . . .

SWAK KOMMUNIKASIE

Vaal kêrel. Al waaroor hy kan praat is hoe hy karre jaag.

Só maak mens!

Kammanuus se eie tuisnywerheid

Deur RETHA KRUGER

NAGEMAAKTE ROOM

1 eierwit
1 gaar appel (fyngedruk, of halwe k appelmoes) of 1 piesang
2 e strooisuiker
Klop alles saam tot styf en gebruik in plek van room.

KONDENSMELK

1 l melk
2 ¾ k suiker
½ t sout
¼ t koeksoda
Los alles in die melk op en kook saam oor vinnige hitte vir 30 minute tot 'n uur en mooi verdik en die kleur 'n mooi goue glans begin kry.

STAMBOOM

AANDAG ALLE LAMPRECHTS!

Daar tans 'n Lamprecht-genealogiese navorsingsprojek in Suid-Afrika aan die gang met die oog op die viering van die 300-jarige bestaan van die Lamprecht-familie in Suid-Afrika.
In die jaar 2026 sal die Lamprechts 300 jaar in Suid-Afrika wees! Die stamvader, Johann Christian Lamprecht, het op Dinsdag 5 Februarie 1726 op die skip Westerdijkhorn as soldaat in diens van die VOC. in die Kaap aangekom. Hierdie besondere mylpaal in die bestaan van ons Lamprecht-familie in Suid-Afrika moet gevier word! Alle Lamprecht's en Lamprecht-afstammelinge of iemand met Lamprecht verbintenisse (in SA of in die buiteland) word gevra of in kontak te kom met my, Gideon Lamprecht van Ladybrandsodat ek vir jou die jongste Lamprecht-nuus kan aanstuur.
My kontakbesonderhede is gideonlam@webmail.co.za (e-pos), 051 924 2302 of 082 417 0507.

COMPAAN juki@telkomsa.net
Theodorus Hermanus Carel Compaam,afkomstig van Friesland.

COETZEE myrnajeanette@gmail.com
Ek soek inligting oor my oupagrootjie en oumagrootjie, hul seun was Jesaja Jeremiah Lombard gebore 1889. Weet nie van waar. Getroud met Catherina Magdalena Coetzee, gebore 3Junie 1898. Sal waardeer as iemand my kan help. Ek sal ook inligting oor my ouma se grootouers waardeer.

CORY lindie.frajo@gmail.com
Pa is Gideon Francois Malan Cory.

DE JAGER driesdej@gmail.com
Ek het my familieregister so ver terug as:
e3 - Johannes Jacobus DE JAGER (ook "Jacob", nn. Hans) {-b2c11d6e3}
*24.03.1822  Uitenhage, 23.05.1822. Trek met sy ouers na Natal, skrynwerker, trek vanuit Natal in ± 1847 na Mooi Rivierdorp (Potchefstroom), daarna oor Rustenburg na Pretoria. Benodig meer inligting oor Pieter Christiaan de Jager 1671 van Zutphen toe hy in die Kaap aangekom het.

DREYER johndreyer@worldonline.co.za
Ek soek meer inligtking oor my grootjie Roedolf Petrus Gerhardus Dreyer wat blykbaar met Anna Maria Van De Vyver getroud was in 1872 in die Winterberg-gebied.

DREYER myrnajeanette@gmail.com
Ek is op soek na my oupa se ouers en broers en susters se inligting. Sy name was Johan Phillipus Dreyer, 25/12/1893 getroud met Janet Mckenzie, gebore 20/9/1889. Maar ma was Christina Mckensie en later met 'n Eaton getroud. Kan jy vir my meer inligting oor hulle gee?

FOURIE Viljee7@gmail.com
Ek is op soek na Christina Jacoba Fourie, wat omstreeks 1965 vermoedelik in Pretoria gebore is.

Daar is nog Stamboomsoekers agteraan AGTEROS

AGTEROS

Net voor uitspantyd

''Kan jy nog 'Grootrivier se voël' speel?'' sê-vra ek, want ek voel hier moet nou musiek gemaak word."

Deur JOHAN VAN DYK

Op pad Stofkraal toe, waar ons anderkant Williston moet afdraai na my geboortegrond, Sandkraal, kyk ek met nostalgie na die kronkelende spoorlyn oor die vloedvlaktes van die wispelturige Sakrivier wat gereeld 'n spoor van verwoesting laat en miljoene tonne kosbare slikgrond in die Oranje uitspuug op pad see toe as dit reën.

Oral by die sylyne staan verwaarloosde spoorweghuise, watertorings, laaikrale en hier en daar nog die laaste oorblyfsels van tipiese korbeelhuise wat die ou veeboerpioniers met 'n tikkie Europese kultuur hier gebou het.

Stofkraal. . . getrou aan sy beskrywende naam, slaan fyn poeierstof by die kar se deure in; amper soos in die ou dae toe hierdie staning van die Steenkamps tegelykertyd die berugte/beroemde sosiale kuierplek van Renosterrivier se mense was.

Eintlik die dansplek. Hier is gedans dat die stof draai.

''Maak jy nog musiek?'' vra ek Flip Kapling op Sandkraal terwyl sy seun, nou 'n man van in die dertig wat ek laas gesien het toe hy agt was, skaapvleis vir 'n leërskare staan en braai.

''Ag!'' sê hy, ''so nou en dan.''

Op sy dae was hy een van die beste musikante van dié wêreld en jy kon dae aaneen dans op die musiek wat hy gespeel het -- op 'n pensklavier.

Die Saterdagaand by die skoolreünie se vleisbraaiery by Calvinia se gholfklub het ek hartgrondig terugverlang na daardie dae.

Toe 'n driemanskap wat eintlik in 'n sub A-slagorkes tuis hoort, die hele aand op 'n elektriese orrel en twee elektriese kitare só onharmonieus in my ore rumoer dat jy nie 'n woord kan praat nie; en dié pyniging maak dat ons vroegaand loop.

''Kan jy nog 'Grootrivier se voël' speel?'' sê-vra ek, want ek voel hier moet nou musiek gemaak word.

''Ja,'' sê hy, ''maar jy het mos seker jou 'musiek' saamgebring?''

Dis waarvoor ek gewag het.

''Boetie,'' sê ek, en roep my 'loot', ''gaan haal Pa se 'musiek' in die kar se diekie.''

''Praat jy tog nie wragtag nog van 'diekie' nie!'' lag hy.

''Net hier . . . dis mos waarmee ons grootgeword het: 'n 'diekie' en nie 'n kattebak nie en 'n 'smelterboks' en nie 'n paneelkassie nie. Is jy nog 'n Smelter?'' vra ek en onthou dat ek die middag genl. Smuts se geraamde portret in sy studeerkamer sien hang het.

Die Kaplings was altyd Bloedsappe van die eerste water. En Chev-mense. Ons was Nasionaliste en Ford-mense.

''Nou eers!'' roep hy uit, ''vandat julle ons beleid oorgeneem het.''

Ek kan nie stry nie en dink terug aan 1948 toe my ma saam met ander mooi, jong vroue in die ou kerksaal op Calvinia agter 'n plankafskorting (van die knie af tot by die enkel) been gewys het vir die NP. Mans moes by die mooiste paar bene geld ingooi vir die verkiesingstryd om die Smelters en die Sappe te verslaan.

As ons maar tóé al ''hulle'' beleid gevat het, dink ek.
Maar ek het die Kaplings lekker teruggekry. In die winter van 1967, saam op 'n springbokjag by 'n verbete ou Bloedsap in die Boesmanland, toe hulle my in die koue buitekamer laat slaap, vry ek die ou oom se dogter vuurwarm uit vergelding! In die buitekamer.

''Jou bokkerse Nasionalis!'' sê hy toe Boetie my ''musiek'' op die tafel langs die vuur neersit. Ek steek die slinger in die His Master's Voice-grammofoon, sit 'n kosbare, onverkrygbare nuwe naald in die klankkop en vra: ''Wat wil jy hoor?''

''Red River Valley,'' sê hy byna aangedaan.

Ek speel ook 'Die lig in die venster', 'Moeder, kyk neer na benede en lei my', 'Maanlig op die Vaalrivier se walle' en ons dans en lag (met 'n traan in die donker op die stoep oor wat verby is).

Terwyl ek kort-kort vir Mammie moet los om die ''gremmefoun'' op te wen.

Doodmoeg ná die dag se uitputtende reis van byna 900 km vra ek vaak: ''Waar slaap ek, weer in die buitekamer soos by daardie wrede ou Bloedsap in die Boesmanland?''

''Nee,'' sê hy, ''in die vrykamer op 'n katelkooi met Hester se beste wit linnedeken . . . maar kom ons loop eers 'n draai.''

Buite op die ''nuwe werf'' verlig skerp Eskom-ligte die huis, 'n reuse-skeerskuur en netjiese ander buitegeboue en stalle. Vooruitgang het die Noordweste nie verbygegaan nie, dink ek, en onthou die ou dae se plaaswerwe met nederige platdakwonings van rou stene, gepleister met klei en die kookskerm van kriedoringtakke met 'n seeppot in die agterplaas.

Dis nie meer daar nie. Skielik verlang ek na die doef-doef van my pa se Lister-ligte-enjin.

Ál wat nou hier is, is die herinneringe.

Die volgende oggend vroeg ry ons Calvinia toe . . . al langs die Hantamberge -- oftewel vir oulaas: "Down memory lane."

STAMBOOM (vervolg)

HUYSAMEN marthiehuysamen@gmail.com
Is op soek na my broer Edward Modena.

LOMBARD myrnajeanette@gmail.com
Ek soek inligting oor my oupagrootjie en oumagrootjie, hul seun was Jesaja Jeremiah Lombard gebore 1889 .Weet nie waar hulle gewoon het nie. Getroud met Catherina Magdalena Coetzee gebore 3Junie 1898. Ek soek ook inligting oor my ouma se grootouers.

MARAIS cpfmarais@btbits.co.za
Ek is op soek na die stamboom van Charles Petrus Francois Marais. Ek beskik reeds oor `n klompie inligting maar is op soek na sekere ontbrekende dele. Ek sal dit waardeer indien enige iemand wat afstam van C.P.F. Marais met my kan kontak maak.

THESNER djthesner@gmail.com
Kan enige iemand my help met die Thesner-stamboom? Ek is afkomstig van die Thesners van Groot Brakrivier/Albertinia/Riversdal.

SINGLETON cpfmarais@btbits.co.za
Indien enige iemand inligting het rondom die Singleton-familie sal ek dit waardeer om kontak te maak.

VAN DER BERG marietjie.eastes@za.suninternational.com
Ek is op soek na Goustav Barnard. Hy was getroud met Deroona van der Berg. Twee seuns is uit die huwelik gebore. Soni was die een seun se naam. indien moontlik stuur vir my enige inligting.

VAN DYK driekie.skein@gmail.com
My oupa, Frans Johannes van Dyk getroud met Martha Maria Steyn, het op Rysmierbult gebly ongeveer 1916. My tannie, ook Martha Maria, wat getroud wasmet Frank Yzelle het ook daar gewoon en is daar oorlede.

VAN EEDEN rvaneeden@telkomsa.net
Stuur alle moontlike info oor die Van Eedens van asseblief.

Die volgende KAMMANUUS is op 16 JULIE